BYLAE 3 : INTERNASIONALE HANDVES VIR DIE INSTANDHOUDING EN RESTOURASIE VAN MONUMENTE EN HISTORIESE TERREINE

VENESIë, 1964

VERTALING DEUR C GERNEKE 1982

Besiel met 'n boodskap uit die verlede bly die historiese monumente van vorige geslagte tot vandag 'n getuienis van eeue-oue tradisies. 'n Groter bewustheid van die eenheid van menslike waardes het gaandeweg ontwikkel, monumente van ouds word nou waardeer as gemeenskaplike erfgoed en 'n gedeelde verantwoordelikheid word daarvoor erken teenoor toekomstige geslagte, aan wie dit nagelaat moet word in al die onvervalste rykdom daarvan.

Dit is beginsels vas te lê as leidraad by die instandhouding en restourasie van monumente, waarna die toepassing aan elke land oorgelaat word binne die raamwerk van eie tradisie en kultuur. Deur hierdie grondliggende beginsels vir die eerste keer te definieer, het die Handves van Athene van 1931 bygedra tot die ontwikkeling van 'n uitgebreide internasionale beweging wat vaste vorm aangeneem het in nasionale dokumentasie, werk van die UNESCO en die stigting van die International Centre for the Study of the Preservation and Restoration of Cultural Property in Rome. Toenemende aandag is gewy aan probleme wat steeds meer kompleks en uiteenlopend word en kritiese gesindheid is daarop gerig. Die tyd het aangebreek om die Handves te hersien, en sodoende die uitgangspunte 'n dieper sin en wyer trefkrag te gee.

Gevolglik het die Tweede Internasionale Kongres van argitekte en tegnici vir historiese monumente, vergader in Venesië van 25 tot 31 Mei 1964, die volgende teks goedgekeur.

Bepalings

**Artikel 1** Die begrip 'historiese monument' sluit nie net alleenstaande argitektoniese werke in nie, maar ook stedelike of landelike omgewings wat getuig van 'n besondere kultuur, 'n betekenisvolle ontwikkeling of 'n historiese gebeurtenis. Dit geld vir sowel grootse kunsskeppings as meer beskeie werke uit die verlede wat met verloop van tyd 'n kulturele betekenis verwerf het.

**Artikel 2** Vir die instandhouding en restourasie van monumente moet die wetenskap en alle tegnieke wat kan bydra tot die studie en beveiliging van die monumenterfenis ten volle benut word.

Doel

**Artikel 3** By die instandhouding en restourasie van monumente gaan dit oor die behoud van sowel die kunswerk as die historiese getuienis.

**Artikel 4** Gereelde versorging is die eerste vereiste vir die instandhouding van 'n monument.

**Artikel 5** Die instandhouding van 'n monument word die beste gedien deur dit te gebruik tot nut van die gemeenskap, mits die uitleg of versiering nie verander word nie.

**Artikel 6** Die instandhouding van 'n monument impliseer die behoud van 'n omgewing wat in verband is daarmee. Waar die tradisionele omgewing nog bestaan moet dit bewaar bly. Geen nuwe konstruksie, gedeeltelike sloping of verandering wat die verhouding van volumes en kleur verander is toelaatbaar nie.

**Artikel 7** 'n Monument is onafskeidbaar van die geskiedenis waarvan dit getuig en die milieu waarin dit geleë is. Dus kan die verskuiwing van die geheel of 'n

deel daarvan slegs geduld word indien die behoud van die monument self dit vereis of allerbelangrike redes van nasionale of internasionale belang dit regverdig.

Artikel 8 Beeldhouwerk, skilderkuns of versiering wat integrerend deel is van 'n monument mag slegs verwyder word indien dit die enigste manier is om die voortbestaan van die kunswerke te verseker.

Restourasie

Artikel 9 Restourasie is 'n hoogs gespesialiseerde handeling. Die doel daarvan is om monumente in stand te hou en die estetiese en historiese waarde te beklemtoon en dit is gebaseer op respek vir die oorspronklike substansie van die monument en, wat meer is, noodsaaklike aanvullende werk moet 'n eietydse stempel dra. In elk geval moet die restourasie voorafgegaan en vergesel word deur 'n argeologiese en historiese ondersoek van die monument.

Artikel 10 Waar tradisionele tegnieke nie toereikend is nie, is dit toelaatbaar om 'n monument te konsolideer deur enige hedendaagse tegnologie vir instandhouding en konstruksie, mits die doelmatigheid daarvan deur wetenskaplike data en praktiese ondervinding bewys is.

Artikel 11 Waardevolle toevoegings, uit watter periode ook al, tot die bou van 'n monument moet respekteer word, aangesien restourasie nie styleenheid nastreef nie. Indien 'n gebou werk van verskillende tydperke deur- en oormekaar heen bevat, is die blootstel van 'n vroeëre toestand alleen regverdigbaar by wyse van uitsondering, en wel op voorwaarde dat die verwyderde elemente van geringe belang is, terwyl die ontblote deel daarenteen van groot historiese of argeologiese waarde en in 'n bewaarbare toestand moet wees. Die evaluasie van sulke elemente kan nie slegs by die individu in bevel van die projek berus nie.

Artikel 12 Elemente wat vermiste dele vervang moet harmonieus in die geheel verwerk word, maar terselfdertyd duidelik van die oorspronklike onderskeibaar wees, sodat die restourasie nie die artistieke getuienis vervals nie!

Artikel 13 Byvoegings kan slegs aanvaar word as dit nie afbreuk doen aan belangrike onderdele van die monument of die tradisionele kader daarvan nie, en ook nie die balans van die komposisie of die verhouding met die omgewing versteur nie.

Gebouegroepe

Artikel 14 Historiese gebouegroepe verdien besondere aandag om hul integriteit te beveilig en te verseker dat hul sonering en aanbieding op 'n gepaste wyse uitgevoer word. Instandhouding en restourasie in omgewings met historiese gebouegroepe moet veral inspireer word deur die voorafgegaande artikels.

Opgrawings

Artikel 15 Opgrawings moet uitgevoer word in ooreenstemming met wetenskaplike norme volgens die 'Recommendations and International Principles applicable to Archaeological Excavations' soos aanvaar deur die Algemene Konferensie te Nieu-Delhi (1955) in opdrag van die UNESCO.

Noukeurige aandag moet gegee word aan die ruimtelike ordening van 'n ontdekte ruïne; maatreëls moet getref word vir die beskerming van argitektoniese en blootgestelde voorwerpe. Verder moet alles in die werk gestel word om die samehang van 'n monument te openbaar sonder om die betekenis daarvan te vervals.

Enige rekonstruksie is by voorbaat uitgesluit. Slegs anastylose, dit wil sê heropbou met oorblywende reste op die terrein, kan oorweeg word. Aanvullende dele wat nodig

is vir die goeie bewaring van die monument en om die samehang van die vorms te herstel, moet altyd herkenbaar wees en tot 'n minimum beperk word.

Dokumentasie en Publikasie

Artikel 16 Alle instandhoudings- en restourasieprojekte of opgrawings moet noukeurig en volledig gedokumenteer word deur analitiese en kritiese verslae, toegelig deur tekeninge en foto's.

Elke stadium van ontgrawing, konsolidasie, herrangskikking of integrasie, sowel as enige vraagstukke wat betref tegniek of uiterlike vorm wat blyk tydens die werk moet ingesluit word.

Hierdie rekord moet in 'n openbare argief geplaas word en beskikbaar wees vir navorsers. Dit word aanbeveel dat verslae publiseer word.



BOPHUTHATSWANA
RUST DE WINTER NATURE RESERVE NATUURRESERVAAT
LOSKOP DAM GAME RESERVE WILDTUIN
Transvaal
Marble Hall
Groblersdal
Dennilton
Witnek
Radium
Pienaarsrivier
Rust de Winter
Hammanskraal
Silberman's Post
Ndebele Village/-stat
Rashoop
Beestekraal
Havana
Motshikiri
Assen
Brits
De Wildt
Bon Accord
Pretoria North/-noord
PRETORIA
Marikana
Pansdrif
Sonop
Schoemansville
Kosmos
Krugerhuis
Meerhof
Silverton
Cullinan
Rayton
Sybrandskraal
Seringkop
Vaalplaas
Verena
Bronkhorstspruit
Kromdraai
Middelburg
Meyersbrug
Fort Merensky
Lammerkop
Damwal
Mossiesdal
Stoffberg
Dullstroom
Roossenekal
Laersdrif
Rooikraal
Maleoskop
Monsterlus
Malaita
Erts
Kwaggaskop
Selonsrivier
Wonderhoek
Waterval Boven
Machadodorp
Belfast
Dalmanutha
Wonderfontein
Maartenshoop
Geological Exposure
MAGALIESBERG NATUURGEBIED
Skeerpoort
Blokhuis
Blockhouse
Hekpoort
Sterkfontein
Magaliesburg
Erasmia
Valhalla
Verwoerdburg
Wierda Bridge/-brug
Randburg
Sandton
Irene
Snake Park
Bapsfontein
KRUGERSDORP
Paardekraal-monument
ROODEPOORT
Florida
Fort
Kempton Park
Edenvale
GERMISTON
BENONI
Randfontein
JOHANNESBURG
SOWETO
BOKSBURG
Alberton
BRAKPAN
SPRINGS
Sundra
Eloff
Delmas
Kendal
Ogies
Coalville
Witbank
Clewer
Klipfontein
Vandyksdrif
Gloria
Hendrina
Carolina
Grobler's Bridge/-brug
Westonaria
Nancefield
Walkerville
Daleside
Jameson Park
N.G. Kerk
Henley-on-Klip
Heidelberg
Nigel
Devon
Leandra
Kinross
Kriel
Breyten
Chrissiemeer
Rensburg
Evander
Secunda
Trichardt
Bethal
Davel
Ermelo
Holbank
Bankkop
Westonaria
Grasmere
Residensia
Meyerton
Blockhouse/Blokhuis
VEREENIGING
Balfour
Roodebank
Charl Cilliers
Kaffirspruit
Morgenzon
Bettiesdam
Sheepmoor
Panbult
VANDERBIJLPARK
Vijoensdrif
Sasolburg
Deneysville
Dasville
Grootvlei
Greylingstad
Val
Holmedene
Standerton
Meyerville
Roberts Drift
Amersfoort
Wolwehoek
Oranjeville
Dover
Villiers
VAAL DAM NATURE RESERVE VAALDAM NATUURRESERVAAT
KOPPIES DAM NATURE RESERVE NATUURRESERVAAT
Koppies
Heilbron
Frankfort
Cornelia
Platrand
Perdekop
Latemanek
Dirkiesdorp
Oranje-Vrystaat
Vegkop
Edenville
Voorhistoriese steenhutte
Prehistoric Stone Huts
Petrus Steyn
Tweeling
Vrede
Volksrust
Wakkerstroom
Charlestown
Amajuba Mtn./-berg
Laingsnek
O'Neil's Cottage
Convention Bridge
Konvensiebrug
Groenvlei
2277m
BALELESBERG
Ingogo
Bothas Pass
Bothaspas
Rietkuil
Imperial Yeomanry Monument
Steynsrus
Lindley
Reitz
Warden
Memel
P. L. Uys-gedenkteken/Memorial
Newcastle
Utrecht
Orange Free State
Arlington
Danielsrus
Libertas
Verkykerskop
Mont Pelaan
Mullers Pass
Mullerspas
Ballengeich
Natal
Kingsley
Normandien
Dannhauser
Hattingspruit
Bloedrivier
Blood River
Van Rooyen
Fort Mistake
Glencoe
Dundee
Valsrivier
Kransfontein
Aberfeldy
Bethlehem
Pretorius Kloof Bird Sanctuary
Pretoriuskloof-voëltuin
Bushman Paintings
Boesman tekeninge
Blockhouse
Blokhuis
Harrismith
Senekal
Paul Roux
Ficksburg
Fouriesburg
Clarens
Kestell
Bergville
Ladysmith
Cundycleugh
Wasbank